

SKRIFLESING: Openbaring 1:1-8

Tema: Met die Here as my God sien ek kans vir 2016!

Sien jy kans vir 2016? Om onseker of selfs bang te wees vir die jaar wat voorlê, is menslik. Maar wanneer ons God sien en dien vir Wie Hy regtig is, kan ons uitsien na 2016. Dit beteken nie dat ons onrealisties of idealisties hoef te wees nie.

Die gelowiges in Klein Asië is in die tyd van die skrywe van Openbaring (rondom 95nC) tot die dood vervolgd en verdruk onder keiser Dometianus.

In tye soos dié is dit soms moeilik om te glo dat die Here leef en omgee. In hierdie onvolmaakte wêreld vol hartseer en onsekerhede kom vrae soos: "Waar is die Here?", "Is Hy nog in beheer?" en "Gee Hy om?" by elkeen van ons op. Die gelowiges in Klein-Asië het die vrae gevra. Hulle het ook begin verslap in hul geloof. Hulle was nie meer so lojaal en liefdevol teenoor Here soos wat hulle eens was nie. Daarom skryf Johannes in die volgende hoofstuk of twee briewe aan die sewe gemeentes om hulle aan te moedig.

Johannes is na die eiland Patmos verban omdat hy die evangelie verkondig het. Ons lees in Open 1:1-2 hoe die Here deur hom gelowiges bemoedig: ¹"Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien. ²Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het." Hy skuif die gordyn so 'n bietjie oop sodat die volk iets van God en sy toekoms met hulle kan sien. In Openbaring 1 stel die Here in 'n sekere sin Homself weer aan die gelowiges, wat in hom begin twyfel het, bekend.

Ons is vanoggend saam met Johannes voor die lewende Here vergader. Ons leer opnuut by die Here self, as getuie van die waarheid, wie die Here is wat ons aanbid.

Ons leer van Hom 2 dinge:

Hy is die **Almagtige**.

Openbaring vertel van 2 wêreldmagte wat sigbaar aan die werk is. Daar is God wat die wêreldgeskiedenis en die lotgevalle van gelowiges bestuur en dan is daar die bose magte wat die werk van God bedreig en gelowiges wil vernietig. Gelowiges word verseker dat die oorwinnig God s'n is. Hy sal ons deur skade en lyding tot heerlikheid voer. God se triomf breek in heerlikheid in die nuwe hemel en aarde aan.

Hy is die almagtige. Ons lees in Open 1:5: "en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur Sy bloed van ons sondes verlos"

Hy is die Heerser oor die konings van die aarde. Ons moet Hom nie vergelyk met enige leier of regering nie. Die magtigste regeerders van hierdie wêreld staan onder Sy beheer, ook die heersers deur wie ons verdruk en vervolgd word. Hy is die almagtige. Dit wat elke dag gebeur, is nie maar 'n opeenstapeling van toevallighede nie. Dit is God se plan met ons.

Slegs twee keer in die boek Openbaring praat die Here self. Die tweede maal praat Hy in Open 21:5-8: ⁵"Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."

⁶Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.

⁷Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

⁸Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood."

In Open 1:8 praat Hy die eerste keer. "Ek is die Alfa en Omega..." Ek is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. Ek omspan alles. Ek is in beheer en bestuur die geskiedenis. Ek is almagtig en alomteenwoordig, in die heelal, in die geskiedenis en in jou wel en weë.

Die tweede ding wat die Here vir ons leer, is dat Hy die God is wat is, was en kom.

Hy is die lewende wat deur die verlede, hede en toekoms by ons is en ons oorlaai met Sy genade en vrede.

Hy was nog altyd. Hy was die Skepper van hemel en aarde. Hy was 'n kind in 'n krip, aan die kruis gespyker en Hy het uit die graf opgestaan. Daarom sien ek kans vir vandag, môre en oormôre.

Hy is by ons as ons Verlosser

Ons lees in Open 1:5b-6 : "Uit liefde vir ons het Hy ons deur Sy bloed van ons sondes verlos ⁶en ons Sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen."

Uit liefde het Hy ons deur Sy bloed van sonde verlos. Op nuwejaarsdag bel iemand in na 'n inbel program en sê dat hy in die nuwe jaar dominees gaan aankla, omdat hulle sy menseregte aantas deur te sê dat hy 'n sondaar is. Ek wil saam met hom die dominees aankla wat net sê dat mense sondaars is. Ons is verlose sondaars. Christus neem sonde en dood wat tussen ons en God skeiding gemaak het, weg. Hy maak ons deel van Sy Koninkryk.

Hy is die eerste wat uit die dood opgestaan het. Hy laat ons, soos Hy, uit die dood opstaan en met Hom lewe.

Hy werk dieselfde krag waarmee Hy uit die dood opgestaan het, in ons. Ons is burgers van Sy nuwe, hemelse Koninkryk. Ons is Sy konings wat nie net moet weerstand bied teen die bose nie, maar ook moet heers oor sonde. Ons moet heers in hierdie wêreld. Ons moet Sy koningskap uitroep.

Ons is Sy priesters wat Hom en ons naaste met oorgawe moet dien. As priesters moet ons namens mense by God ingetree deur vir hulle te bid.

As Sy profete moet ons getuig: "Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" Ons moet getuig van Hom wat was, wat is en ook sal wees.

Die Here sal weer kom

Ons twyfel oor baie dinge, maar beslis nie oor die wederkoms van die Here Jesus nie. Ons geskiedenis stuur nie op 'n troostelose somber einde af nie. Boosheid en onreg sal nie vir ewig voortduur nie. Hy is op pad om as verheerlikte Koning en Regter te regeer.

Ons lees in Open 1:7 "Ky, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien,..."

Wanneer Hy kom sal almal wat Hom liefhet, juig. Hy sal ons oordeel tot lewe in die hemel. Sy vyande, wat Hom verwerp het, sal van vrees bewe. Hulle sal treur oor hul dwaasheid en sonde en veroordeel word tot die dood en die hel.

Die fout waaraan ek my baie keer skuldig maak, is dat ek so lewe vir die hier en nou dat ek vergeet van die heerlike toekoms wat voorlê. Dit kan maak dat ek verslap in geloof.

Hy is die een wat finaal sal triomfeer. Sy kinders sien vol afwagting uit na die dag wanneer Hy ons kom haal en ons volmaak by Hom sal wees.

Paulus het iets hiervan verstaan. Hy skryf in Fil 1:21-23: "want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;"

Die Here is op pad om finaal, saam met ons as Sy kerk te triomfeer. Die wete gee ons geloof stamina vir die geloofswedloop op aarde. Dit maak dat ons in 'n tyd van teëstand en teësprak nie tou opgooi nie. Ons weet dat al die dinge hier op aarde, soms wonderlik mooi, maar baie keer seer, boos en vol tranes saam met die bose sal verdwyn. Dan eers sal dit wat verreweg die beste is, vir ons aanbreek.

Sluit af

Daar gaan tye in hierdie jaar kom wanneer ons gaan wonder: "Waar is die Here?", "Is Hy in beheer?" en "Gee Hy om?" Vir ons kom verseker die Here opnuut op die derde dag van die nuwe jaar: Ek is die Almagtige. Ek is die Alfa en Omega, die begin en einde. Ek is die Een wat was en is en kom. Ek weet nie van jou nie, maar met só 'n God sien ek kans vir 2016.

Amen